EST 2014

LITTLE PIECE OF HEAVEN

Speel-Leer Kleuter Skool

INSKRYWINGSVORM

PERSOONLIKE INLIGTING VAN KIND

Volle Naam & Van _____

Noemnaam _____

ID Nommer _____

Geboorte Datum _____

Geslag _____

Huistaal _____

Onderrig Taal _____

MEDIESE BESONDERHEDE VAN KIND

Familie Dokter _____

Kontak Nommer _____

Mediese Fonds Naam _____

Fonds Opsie & Nommer _____

Hoof Lid _____

Hoof Lid ID _____

Afhanklike Nommer _____

Kind Bloedgroep _____

Enige Allergieë _____

Enige Siektes/Afwykings _____

MEDIESE TOESTEMMING EN VRYWARING

Little Piece of Heaven behou die reg om van die vinnigste mediese diens gebruik te maak in ‘n mediese noodgeval. Ouers sal altyd gekontak word in ‘n mediese geval.

Ek, _____ ouer van _____
gee toestemming dat ‘n mediese praktisyn mediese behandeling mag toedien soos nodig.

Vader Handtekening _____

Moeder Handtekening _____

BESONDERHEDE VAN VADER

Volle Naam & Van _____
ID Nommer _____
Kontak Nommer _____
Epos Adres _____
Werkgewer & Beroep _____
Huis & Pos Adres _____
_____

BESONDERHEDE VAN MOEDER

Volle Naam & Van _____
ID Nommer _____
Kontak Nommer _____
Epos Adres _____
Werkgewer & Beroep _____
Huis & Pos Adres _____
_____

ADDISIONELE INFORMASIE

Verantwoordelike persone wat kind by die kleuterskool aflaai en oplaai daagliks:

Naam & Verhouding _____
Naam & Verhouding _____

Addisionele kontak in geval van nood:

Volle Naam & Van _____

Verhouding _____

Kontak Nommer _____

TOESTEMMING OM FOTO'S TE GEBRUIK

Ek verstaan en aanvaar dat daar van tyd tot tyd foto's geneem word van Little Piece of Heaven en hul kinders, en dat hierdie foto's gebruik mag word in elektroniese, sosiale media of gedrukte media soos deur Little Piece of Heaven goedgekeur.

Vader Handtekening _____

Moeder Handtekening _____

ALGEMENE VRYWARING

Little Piece of Heaven onderneem om alle skoolaktiwiteite veilig en verantwoordelik te bestuur, maar Little Piece of Heaven kan nie aanspreeklik gehou word of verantwoordelikheid aanvaar vir ongelukke wat in die klaskamer, op die skoolterrein of gedurende uitstappies plaasvind nie asook uit nalatige handelinge van die kleuterskool.

Hiermee vrywaar ek, _____ ouer van _____

Little Piece of Heaven van enige verliese, skade of beserings wat in die algemeen ontstaan.

Vader Handtekening _____

Moeder Handtekening _____

KLEUTERSKOOL FOOIE 2025

REGISTRASIEFOOI

Die jaarlikse Registrasiefooi van R950 verseker jou kind se plek by Little Piece of Heaven en stel ons in staat om 'n uitstaande omgewing te bied waar hulle kan groei en leer. Hierdie fooi is noodsaaklik om belangrike kostes soos administrasie, die instandhouding van ons hoë standaarde, verbeterings aan ons skoolomgewing en die opgradering van opvoedkundige materiaal en speelgoed jaarliks te dek. Hierdie fooi is nie-terugbetaalbaar en bevestig jul kind se plek. Ons waardeer die ondersteuning en begrip vir hierdie stap in die proses.

BEDRYFSFOOI

Die jaarlikse Bedryfsfooi van R950 is betaalbaar in Januarie of gedurende die kind se eerste maand by ons skool. Hierdie fooi dek noodsaaklike items soos skryfbehoeftes, daaglikse benodigdhede soos sneesdoekies, wipes, noodhulptoerusting, asook skoonmaak- en ontsmettingsmiddels. Ouers hoef nie gedurende die jaar enige bykomende produkte te voorsien nie. Neem asseblief kennis dat hierdie fooi nie-terugbetaalbaar is. Baie dankie vir die ondersteuning om ons te help om 'n skoon, veilige en goed-toegeruste omgewing vir die kinders te handhaaf.

OPVOEDKUNDIGE AKTIWITEITSBOEKE

'n Opvoedkundige Skryf Werkboek sal gebruik word vir die Graad RR kinders in die jaar waarin hulle 5 jaar oud word, om kognitiewe en fynmotoriese ontwikkeling te bevorder. Die koste van die werkboek is R100 en dit sal in Januarie uitgedeel word.

KLEUTERSKOOL FOOI STRUKTUUR 2025

Die maandelikse fooi is vooruitbetaalbaar voor of op die derde dag van elke maand, vir die 12 aaneenlopende maande van die jaar. Little Piece of Heaven behou die reg voor om rente te hef op agterstallig rekeninge.

INSKRYWING OPSIE	HALFDAG INSKRYWING	VOLDAG INSKRYWING
2 Dae Per Week Maandag en Donderdag	R3000 Per Maand	R3650 Per Maand MIDDAGETE INGESLUIT
3 Dae Per Week Dinsdag, Woensdag, Vrydag	R3550 Per Maand	R4250 Per Maand MIDDAGETE INGESLUIT
5 Dae Per Week Maandag tot Vrydag	R3950 Per Maand	R4550 Per Maand MIDDAGETE INGESLUIT

Inskrywings Opsie 2025:

Opsie _____

VAKANSIE PRET PROGRAM

Die Vakansie Pret Program is net die ding om die skoolvakansies ekstra spesiaal te maak. Die kinders kan uitsien na hope pret en opwindende aktiwiteite. 'n Voorafbetaalbare sessiefooi vir al die dae van die vakansie gee toegang tot al die lekkerte. Program datums en inligting word vooraf gedeel en inskrywings moet betyds gemaak word. Stuur net jou kind se verversings en middagetes en ons sorg vir die res van die pret. Ons kan nie wag om die vakansie onvergeetbaar te maak met al die avonturiers.

Vakansie Sessie 1 – Januarie 2025	Halfdag Inskrywing – R300 Voldag Inskrywing – R350
Vakansie Sessie 2 – Maart 2025	Halfdag Inskrywing – R300 Voldag Inskrywing – R350
Vakansie Sessie 3 – Junie 2025	Halfdag Inskrywing – R650 Voldag Inskrywing – R800
Vakansie Sessie 4 – Oktober 2025	Halfdag Inskrywing – R300 Voldag Inskrywing – R350

NA-SKOOL SORG

'n Na-skool Sorg diens word aangebied aan die kinders van Little Piece of Heaven. Hierdie diens is beskikbaar tussen 13:00 en 17:15, terwyl ouers hul dag afsluit en 'n veilige omgewing vir hulle kinders soek om in te ontspan. Die eerste uur is R40 per uur en daarna R30 per uur.

LANGER BLY TARIEF

Little Piece of Heaven poog om 'n gladde en genotvolle ervaring vir almal te skep, deur elke dag op 'n positiewe noot te begin en af te sluit. Ons bedryfsure is van 07:15 tot 13:00 vir halfdag inskrywings en van 07:15 tot 17:15 vir voldag inskrywings.

As jy verwag om laat te wees om jou kind op te laai, kontak ons asseblief betyds sodat ons die nodige reëlings kan tref. Let asseblief daarop dat 'n laatfooi van toepassing sal wees as jou kind nie op tyd afgehaal word nie, R40 vir elke 10 minute vir halfdag kinders en R60 vir voldag kinders. Ons waardeer julle begrip en samewerking om te help om 'n gladde skedule vir almal te handhaaf.

BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER

Volle Naam & Van _____

ID Nommer _____

Kontak Nommer _____

Epos Adres _____

Verhouding _____

FINANSIËLE TERME EN REKENINGHOUER

Neem kennis van die volgende finansiële terme:

- Kleuterskool fooie vir 12 maande is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die 3de van elke kalendermaand. Little Piece of Heaven behou die reg voor om rente te hef op rekeninge wat agterstallig is.
- Die registrasiefooi en bedryfsfooi is jaarliks betaalbaar en nie-terugbetaalbaar.
- Kleuterskool fooie word jaarliks gehef in Januarie.
- Indien die rekeninghouer versuim om te betaal of kontrakbreuk, mag die kind toegang tot die skool geweier word.

Kennisgewing:

Twee maande (60 kalender dae) skriftelike kennisgewing moet gegee word vir enige kansellasies. Geen kennis kan vir die laaste kwartaal, Oktober, November, Desember gegee word nie. Indien daar kennis gegee word vir Oktober of November sal die rekeninghouer aanspreeklik wees vir die volle kwartaal se fooie tot die einde van Desember.

In die geval waar die skool geregtelike stappe moet neem om skoolgelde te verhaal, sal u verantwoordelik wees vir alle regskostes, insluitende prokureurs / kliëntfooie en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan is in hierdie verband.

Hierdie inskrywingsvorm dien ook as kontrak tussen die ouers van die kind en Little Piece of Heaven. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvaan deur die ouer tot die dag waarop die kind die kleuterskool amptelik verlaat.

Ons die ouers en ek, die rekeninghouer _____ verstaan en aanvaar die voorwaardes en terme rakende die kleuterskool fooi struktuur en verdere betalings.

Geteken te _____ op _____ .

Vader Handtekening _____

Moeder Handtekening _____

Little Piece of Heaven _____

VRYWARING

Little Piece of Heaven Kleuterskool onderneem om ten alle tye redelike en algemeen aanvaarbare veiligheidstandaarde aan te wend en alle moontlike voorsorg te tref om u kind, alle personeel en besoekers se veiligheid en welstand te verseker. Little Piece of Heaven Kleuterskool en die personeel kan egter nie verantwoordelikheid aanvaar vir ongelukke wat op die perseel van Little Piece of Heaven Kleuterskool mag plaasvind nie.

Ouers word versoek om die onderstaande vorm te voltooi as bewys dat u die kleuterskool en personeel se posisie verstaan en die risiko daaraan verbonde, aanvaar. Ons, die ouers van _____ verklaar hiermee dat:

- Ons is bewus dat alle persone en kinders wat Little Piece of Heaven Kleuterskool betree, doen dit geheel en al op eie risiko.
- Ons is bewus dat Little Piece of Heaven van tyd tot tyd aktiwiteite reël, soos instappies, uitstappies, opvoedkundige besoeke wat met die kurrikulum en ander bedrywighede van die kleuterskool verband hou ("Aktiwiteite");
- Ons besef dat alhoewel Little Piece of Heaven Kleuterskool onderneem om redelike voorsorg te tref om ons kind se veiligheid en welstand te verseker tydens die kleuterskoolure en gedurende enige aktiwiteite, kan Little Piece of Heaven Kleuterskool nie die veiligheid en welstand van ons kind ten alle tye waarborg nie.
- Ons gee hiermee toestemming dat ons kind aan enige amptelike georganiseerde aktiwiteite van Little Piece of Heaven Kleuterskool en alle normale kurrikulêre bedrywighede van die kleuterskool mag deelneem. Indien ons die bogemelde goedkeuring wil onttrek of indien daar enige beletsel is teen deelname aan enige aktiwiteite of normale kurrikulêre bedrywighede, sal ons Little Piece of Heaven Kleuterskool skriftelik daarvan in kennis stel.
- Ons verklaar dat sover ons weet, ons kind fisies in staat is om aan enige aktiwiteite en normale bedrywighede by Little Piece of Heaven Kleuterskool deel te neem en dat ons kind in goeie gesondheid verkeer. Ons bevestig ook dat ons Little Piece of Heaven Kleuterskool van alle relevante feite en gebreke rakende ons kind se liggaamlike vermoë en gesondheid in kennis gestel het.
- Ons aanvaar dat ons verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige uitgawes, mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge indien van toepassing, in geval van besering van ons kind.
- Ons vrywaar en stel Little Piece of Heaven Kleuterskool, sy lede, die huiseienaar en werknemers skadeloos teen enige skade, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan weens skade of verlies aan eiendom, liggaamlike besering, siekte of dood wat ons of ons kind raak en wat verband hou met ons kind se deelname aan enige aktiwiteite of kurrikulêre bedrywighede van Little Piece of Heaven Kleuterskool. Voormelde vrywaring geld egter nie ten opsigte van skade, eise of aanspreeklikhede wat veroorsaak is deur opsetlike of growwe nalatige handelinge van enige gevrywaarde party nie.
- Ons is bewus daarvan dat indien ons kind deelneem aan buitemuurse en buitekurrikulêre aktiwiteite, Little Piece of Heaven Kleuterskool nie verantwoordelik gehou kan word vir ons kind se veiligheid en welstand nie. Ons vrywaar en stel Little Piece of Heaven Kleuterskool, sy lede, die huiseienaar en werknemers skadeloos teen enige skade, eise of aanspreeklikeid wat mag onstaan weens skade aan of verlies van eiendom, liggaamlike besering, siekte of dood wat ons of ons kind raak en wat verband hou met ons kind se deelname aan enige buitemuurse en buitekurrikulêre aktiwiteite wat plaasvind buite die normale besigheidspersele van Little Piece of Heaven.

VERKLARING

Ons, die ondergetekendes, verklaar hiermee dat die inligting wat in die dokument deur ons verskaf is, volledig en korrek is. Ons stem saam met die voorwaardes en die vrywarings terme soos hierin uiteengesit. Ons onderneem om die kleuterskoolreëls, beginsels en doelstellings waarvoor die skool staan te onderhou. Ons aanvaar dat die skool op Christelike beginsels gebaseer is en onderneem om nie hierdie beginsels te ondermyn nie. Hierdie inskrywingsvorm dien as kontrak tussen die ouers van die kind en Little Piece of Heaven Kleuterskool. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening deur die ouer

Vader Handtekening _____

Moeder Handtekening _____

Little Piece of Heaven _____

Datum _____